

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Wat sien jy in My?”

Skriflesing: Lukas 17:11-19

“I believe in Christianity as I believe that the sun has risen: not only because I see it, but because by it I see everything else.”

– C.S. Lewis



Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.

Kom sing, kom loof die Heer!

Kom prys Hom alle volke.

Kom sing, kom loof die Heer!

Laudate omnes gentes,

laudate Dominum.

Laudate omnes gentes,

laudate Dominum.

Broodjies vir die pad

“We are not human beings having a spiritual experience. We are spiritual beings having a human experience.”

– Pierre Teilhard de Chardin



Ballade van 'n gewonde skollie

Leon van Nierop

Noem my skollie met Dann-Jacques Mouton en Charlton - George. Regisseur: Daryne Joshua

Soos Jans Rautenbach met sy trilogie uit die 1960's en Sara Blecher met *Dis ek, Anna*, verander Daryne Joshua die Afrikaanse rolprentlandskap dramaties met hierdie uitmergelende drama. Dit bevry nie net die Afrikaanse taal in die raakpraat- Kaapse sleng wat soos vuishoue rondgeslinger word nie, maar ook die Afrikaanse rolprent wat waag om so ? handgranaatstorie sonder versagting te vertel. Jy het nog nooit so iets in Afrikaans gesien nie.

Die rolprent boender kykers sonder omhaal tot op die Kaapse Vlakte, en spesifiek die Pollsmoor-gevangenis in die

1960's, en vertel die ware verhaal van 'n rondloperseun se oorgangsjare tot manword, hoe hy in die tronk beland ná ? inbraak en wat alles daar met hom gebeur.

Fliëkgangers dink dalk dat hierdie rolprent een lang stuk bendegegeweld is. Dit is nie so nie. Joshua en die draaiboekskrywer John W. Fredericks (op wie se persoonlike ervarings die drama gegrond is) graawe onder die tatoeëermerke van die karakters en soek na die mens daaragter.

Dit kyk ook hoe die tronkstelsel gewone mense eintlik in misdadigers omskep ter wille van oorlewing. Maar dit fokus ook op die reis van iemand wat hom in 'n gewelddeurdrenkte gemeenskap probeer vind en besluit om sy lewe reg te ruk. Mense wat na die TV-reeks *The Night Of* kyk, sal dalk 'n idee kan vorm van wat om te verwag.

Die gevaar met 'n resensie soos hierdie is om in hiperbole te verval deur mense juigend te probeer aanmoedig om dieselfde ervaring as ? resensent te hê. Woorde soos “briljant, onverbeterlik, meevoerend” en “aandoenlik” het ongelukkig al leë clichés geword wat hul impak verloor het.

Nie een laat reg geskied aan hierdie ballade van 'n gewonde skollie nie. Dit is ? rolprent waar jy in die riool beland en probeer om nie te versuip nie.

En hiermee 'n waarskuwing: erge geweld, ook seksueel van aard, en eksplisiete taalgebruik dra verder by tot die brak-vreet-brak-effek wat hierdie stuk sosiale kommentaar op die kyker het.

Daar word nie met die waarheid gesmokkel soos Hollywood dikwels doen nie, nog minder word dit versag of gekommersialiseer. Met fyn, amper kliniese vernuf neem die regisseur en skrywer die gehoor op 'n reis deur die hel, maar die fokuspunt bly altyd die uitwerking van swak maatskaplike toestande, geestelike verwaarlosing, werkloosheid, rassisme, agterdog en armoede op slagoffers in hul vormingsjare.

Die hoofokus is op AB, 'n onverbeterlike en gesaghebbende Dann-Jacques Mouton, se ervarings. Maar waar die rolprent kon verval het in ? koel bende-avontuurstorie of 'n opeenstapeling van geweld, word elke gruweldaad in perspektief geplaas.

Ons sien en beleef dit uit AB se perspektief. Ons wórd AB, dit gebeur met ons – en bendegegeweld en gevangenskap kry ? gewone gesig wanneer selfs die wreedste misdadiger se menslike eienskappe ontgin word. Hier is geen gerieflike stereotipes nie. Hierdie karakters is werklike mense.

Dit gaan sonder skroom na die hart van geweld en boosheid, maar dit word altyd, selfs in die aanrandings, verantwoordelik en getemper gedoen sodat ook gehore wat na blote avontuur soek, nie genot sal put uit die gruweldade nie, maar gekonfronteer word met die siek brutaliteit daarvan.

'n Hond wat kwyl en hyg ná 'n bende-verkragting is een van die sterkste visuele metafore ooit en eintlik 'n sleutel tot die res van die rolprent. Die kamera word 'n verteller, nie net 'n apatiese waarnemer nie.

En tussenin die geweld is die doodgewone mense wat balans gee. Die antie wat haar hare wil kleur om man te vang, die bibliotekaresse wat verlief raak op die goedheid van 'n doodgoue ou, die naamloses wat grootoog in die tronksel na stories sit en luister en onder die invloed daarvan kom. Want om te oorleef moet AB stories opdis om te verhoed dat hy 'n wyfie word of deur die tronkstelsel ingesluk word.

En dit is hierdie element, die transformasie van woorde tot beelde, waarin die hardebaardrolprent uitblink.

'n Kragtoer neem jou na plekke waarheen jy nie graag wil gaan nie. En hierdie rolprent druk doringdraad diep in jou hande en sleep jou dan saam met hom. Jy sal nie ongeskonde uitstap nie.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/silwerskerm-ballade-van-n-gewonde-skollie-20160904#>

Lees ook op www.netwerk24.com:

['n Rolprent wat jou van donker na lig neem](#) (Herman Lategan)

[Die skollie met die stories](#) (Romantha Botha)



"If your understanding of the divine made you kinder, more empathetic, and impelled you to express sympathy in concrete acts of loving-kindness, this was good theology. But if your notion of God made you unkind, belligerent, cruel, or self-righteous, or if it led you to kill in God's name, it was bad theology."

– Karen Armstrong, *The Spiral Staircase: My Climb Out of Darkness*

Brood vir die pad

Omdat ons Sy genade liefhet

Jan Lubbe

"In the family of the just man who lives by faith and is as yet a pilgrim journeying on to the celestial city, even those who rule serve those whom they seem to command; for they rule not from a love of power, but from a sense of the duty they owe to others – not because they are proud of authority, but because they love mercy."

Dit is vroeg in die vyfde eeu. Rome – hoofstad van 'n eens magtige ryk, eeue geag as bakermat van beskawing, logika, regspraak en kuns – swig voor die plunderende Visigote.

Uit die noordelike streke van die Ryk ruk hulle op; die "empire strikes back". Woede oor meer as vierhonderd jaar se vernedering, verontregting en verdrukking kook oor. Stadspoorte word oopgebreek, 'n bestel wankel. Die rook bokant Rome ruik na vrees vir die toekoms. Die Visigote mik verder oor die Middellandse See na Noord-Afrika, welvarende broodmandjie van die Romeinse Ryk.

En dit is dáár – in Hippo – waar die kerkvader Augustinus, aangegryp deur hierdie groot gebeure, begin skryf aan sy epiese werk: *De civitate Dei*. Die stad van God. 'n Verduideliking van wat Christene werklik glo oor ons aardse lewe, oor die gang van die geskiedenis en oor ons keuses in tye van krisis.

Want Augustinus het goed geweet dat daar al vir bykans 'n eeu sedert Konstantyn (312 n.C.) "Christelike keisers" in Rome regeer; dat om 'n "Christen" te wees so te sê as burgerplig geag is; dat in Rome elke Julius en Claudia nou "Christene" is.

Vandaar ook die vrese in die kerke: Noudat Rome val, nou val die Christendom! Die laaste dae is hier!

Uit Betlehem in Judea, waar hy pas die Bybel in keurige Latyn vertaal het, skryf die kerkvader Hieronimus weemoedig aan 'n vriend oor die ondergang van 'n era . . .

Maar Augustinus was 'n ander mening toegedaan: Rome se val is histories betekenisvol en die toekoms sál anders wees as wat ons gedink het.

Maar "Rome" en "Jerusalem" – of, Sion, die stad van God – is altyd en in elke bestel van mekaar te onderskei. In die "celestial city" lê ons burgerskap veranker, dáár is ons bestemming en dit rig ons pelgrimsweeg deur die hier en nou. Ons leef uit 'n ander bron, naamlik die liefde van God en nie eiebelang soos in "Rome" nie. Ons ken 'n ander inspirasie, naamlik die sterkte van die Here en nie nasietrots en brutaliteit soos in "Rome" nie.

Ons het 'n ander roeping te vervul, die eer van God en nie die roem van die "ryk" nie. Ons streef na 'n ander leierskap, van versorging en genade en nie die magsdronk eiewaan van "Rome" nie – in familiekring, skole en kerke en landelike owerhede.

Twee voorbeelde om Augustinus se onderskeid tussen "Jerusalem" en "Rome" te illustreer. Historici is dit eens dat die Visigote se invalle in Rome getemper was en dat hulle die kerke en diegene wat daar gaan skuil het, gespaar het – omdat hul aanvoerder, Alarik, alreeds deur die Christelike evangelie geraak was en hy sy soldate tot gematigdheid beveel het.

Oppas om te dink dat net "Rome" – hierdie bedeling of beskawing – gelowiges huisves; oppas vir 'n simplistiese "ons" versus "hulle", tussen "eersteburgers" en "inkommers". En toe die aanvallers 20 jaar later wel Hippo bereik, het Augustinus die stadsinwoners herinner dat God nie uit Hippo vlug nie, maar dat hul tewens hul huise en kerke vir vlugtelingen van elders moet oopstel. Ons help en versorg omdat God – die Hulp van die hulpeloses – hier is en ons Sy genade liefhet. Ons onttrek nie, maar volhard, omdat ons rigting "Jerusalem" bly kyk.

Dit is wat dié week deur my gedagtes gegaan het, toe ons sien hoe kampusse brand, hoe ons land sukkel . . . en ons só verlang na moedige leierskap wat prinsipieel dink en genadiglik doen.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/omdat-ons-sy-genade-liefhet-20161003>



"Perhaps all the dragons in our lives are princesses who are only waiting to see us act, just once, with beauty and courage. Perhaps everything that frightens us is, in its deepest essence, something helpless that wants our love."

– Rainer Maria Rilke, *Letters to a Young Poet*



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.